

***Vinnige hersiening*:**

- Lees die volgende rympie vir die leerder. Die leerder probeer saamsê en voer die toepaslike bewegings daarby uit:

  Die ruspe
  Daar's 'n ruspe op 'n blaar.
  Sien jy ...? Daar!
  Hy r-e-k en str-e-k en
  r-e-k en krimp
  r-e-k en str-e-k, r-e-k en krimp
  Aitsa! Waar is hy nou?
  Onder die blaar kruip hy weg vir jou!
  A. van Straaten

- Die ruimtelike konsepte "voor"/"vorentoe", "agter"/"agtertoe", "onder"/"ondertoe"/"onderin", "op"/"boontoe"/"bo", "af"/"ondertoe" en "op"/"bo-op" is nou bekendgestel. Stel die begrippe "in"/"uit" en "langs"/"langsaan" ook bekend. Brei uit op die rympie en oefen hierdie ruimtelike konsepte deur die leerder se liggaam te gebruik. *Voorbeeld*: Die leerder is 'n wurmpie en sit op sy/haar blaar (stoeltjie). Die wurmpie rek en raak aan die grond onder/langs die blaar. Die wurmpie hoor iets en kruip agter die blaar (stoel) weg..., ens.
- Oefen reguit en gekartelde op/af-oogbewegings asook groot reguit/gekartelde **S**-bewegings wat die middellyn kruis eers met een oog en dan met die ander te kan volg. Oefen ook om die middellyn met 'n groot lui-8-beweging te kruis – eers met beide oë, dan met die een oog/ander oog.
- Doen vinnig 'n paar handstrekke en hersien kleurherkenning van geel, rooi en blou. Die leerder trek die patrone op hierdie bladsy na in die kleure wat u noem.

Gaan nou oor na werkvel 4 op bl. 7.

- Verduidelik die aktiwiteit. Die leerder voltooi die blomme deur die sirkels op die stippellyne na te trek. Let daarop dat die leerder op die regte plek begin en die sirkel anti-kloksgewys trek.
- Kleur een blom geel in, een rooi en een blou. Maak seker dat die leerder hierdie drie kleure met selfvertroue kan onderskei.
- Let op sithouding en potloodgreep.

Handskrif
Oog-handkoördinasie



Teken die blomme klaar.
Kleur een blom **rooi** in, een blom **geel** en een blom **blou.**